PETRUSBURG NUUS

Deur God se genade 'n biddende gemeente wat mekaar in liefde dien en uitreik na die wêreld. *7 November 2021*

Vanoggend se erediens

Tema: *Die doop: 'n Ark vir ons en ons kinders*
Skriflesing: 1 Petrus 3:18-22

Ons Program

Vandag

Gesamentlikediens om 9:30 olv ds. Errol Sheppard
Doop van Carmi Sheppard
Sondagskool
Deuroffer: Hospitaalbediening
Verversing: U is welkom om na die erediens 'n verversing te kom geniet buite op die kerkterrein. Baie dankie aan Emmaus Wyk wat gesorg het vir die verversings.

Sondag 14 November

Informele erediens om 9:30 olv ds. Rickus Hatting
Sondagskool
Deuroffer: Teologiese Opleiding
Verversingsbeurt: Wyk 1

Lief & Leed

Verjaarsdae

Die volgende lidmate verjaar in die week wat voorlê. Baie geluk! Mag dit 'n besondere jaar vir elkeen van julle wees.

November

7 Frans Coetzee
8 Dewald Van der Berg;
Kobus Van der Westhuizen
9 Maryna Jordaan; Alid Hugo
10 Buks Neethling; Johan Strydom
12 Hannelie Fraser; Leeana Hugo;
Ruan Watt
13 Marnus Nel

Huweliksherdenking

7 Braam & Tracy Neethling (34j)
10 Japie & Antoinette Strauss (42j)
12 Dewald & Karen Van der Berg (10j)

Baie geluk.....

Alid en Judy Hugo met die geboorte van jul eerste kleinkind!

Voorbidding

- Hannes Nieuwoudt – Baie siek, hou hom asseblief in julle gebede.
- Phillip van Vuuren - Is Dinsdag oorlede, baie sterkte aan Maggie en die familie.
- Lambert de Vos (van Geref. Kerk) - Beroerte gehad. Ons bid vir hom en Judy

Vrouebedieningafsluiting:

'n Heerlike middag word beplan vir Woensdag 10 November 2021 by Karibu.
Tyd: 14:30
Spreker: Marelize Bekker
Koste: R25 per persoon
Kaartjies sal by Ouderlingsvroue en die kerkkantoor beskikbaar wees.
Moet dit nie misloop nie en bring 'n vriendin/buurvrou saam.
Getalle moet asseblief in wees teen 3 November om die nodige voorbereiding te kan doen.

Liewe Gebedswagte,

hierdie is die laaste van ons 7 gebedsweke in 2021. Kom ons bid weer 24/7 hierdie keer! Bevestig asb sommer gou jou tyd, dit maak 'n verskil as ons dag en nag bid- ook in ons gemeenskap!!

Poppieprojek

Ons kom jaarliks bymekaar om die gebreide poppies aanmekaar te sit, maar ons wil hierdie keer vra dat elkeen wat brei, die poppies voltooid sal inhandig teen 12 November 2021.

Koekieprojek

Die jaarlikse koekieprojek, wanneer ons koekies aan ons bejaardes gee, is geskeduleer vir 18 November 2021
(Koekies moet asb voor of op 15 November by die kerkkantoor afgegee word)